**4 Junie**

## Die Here is ons Herder

**Skrifgedeelte: Psalm 77**
**Fokusgedeelte: Psalm 77:11, 17-21**

Soms voel dit vir ons of dit vir die vorige geslagte makliker was om in God te glo. Die wêreld het in ons tyd soveel verander. Ons lewe in ’n totaal ander wêreld as ’n geslag tevore, en dit voel soms of dit vandag baie moeiliker is om aan ’n lewende God vas te hou wat alles bestier. Waar sien ons sy hand? Is Hy in beheer?

Die digter het met dieselfde probleem geworstel. Hy sê dan ook wat hom bekommer: “My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie” (vs 11). Hy wil dan ook nadink oor God se groot dade. Die dade wat openbaar dat God groot en heilig is en onbegryplik is in wat Hy doen. Aangrypend skryf hy oor God se teenwoordigheid te midde van gewelddadige natuurkragte: “Toe die waters U sien, o God, toe die waters U sien, het hulle gebewe, die diep waters het gesidder” (vs 17). Die Here is daar, Hy tree op, Hy is in beheer: “U het deur die see gekom, u weg deur magtige waters gebaan.”

Maar die Here is nie sigbaar nie: “Niemand het sy spoor gesien nie” (vs 20). Ons kan sy optrede nie peil nie.

Tog lei Hy sy volk soos ’n kudde. Dáárop mag ons peil trek. Al verstaan ons nie en al kan ons nie sê: “Kyk, hier is Hy” nie. Dit staan vas: Die Here is ons Herder en Hy lei ons, al het die wêreld ook hoe baie verander.

*Sing: Skrifberyming 22:1, 2, 11* *Dr. F van der Walt (Emeritus)*